UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

# e-Matieland

HERFS 2017 • #1

## VANUIT DIE ALUMNI-KANTOOR

Wat 'n fees! Dit was wonderlik om Maties van oor die wêreld heen in Matieland terug te verwelkom tydens ons Tuiskoms- en Familienaweek vanaf 2 tot 6 Maart. Die volgepakte program het iets vir almal gebied.

Ons verwelkom ook vir Reanne Olivier as ons VSA-koördineerder van alumni-betrekkinge en fondswerwing. Reanne sal omsien na Maties in die VSA, maar ons wil beslis ook Maties aanmoedig om hub-koördineerders te word, want ons wil graag bande bou waar jy jou ook al in die wêreld bevind!

Ons sluit hierdie uitgawe af met 'n fassinerende staaltjie van 'n studente-uitstappie in April 1918! Die Universiteit vier sy 100ste bestaansjaar in 2018 en ons wil graag van jou hoor terwyl ons op die eeufeesvieringe voorberei.

Die Alumni-kantoor beplan 'n paar opwindende geleenthede oor die volgende paar maande en ons wil beslis nie hê jy moet dit misloop nie. Om seker te maak jy bly op hoogte van die jongste nuus en aktiwiteite, volg ons op sosiale media deur op die onderstaande ikone te klik.



*Emo Adams tydens ons Tuiskoms Musiekskouspel. (Fotograaf: Stefan Els)*

# Tuiskoms 2017 was fantasties!

TUISKOMS
HOMECOMING
— 2017 —










'n Musiek-extravaganza, 'n terugblik op daardie bekende klasdae met ons "Terug Klas Toe"-lesings, klasreünies, 'n pretdraf en bergfietservaring vir sportentoesiaste en 'n hele aantal Woordfees-vertonings. Dit was net 'n paar van die spesiale geleenthede vir alumni tydens die Universiteit Stellenbosch (US) se tweede jaarlikse Tuiskoms- en Familienaweek vir 2017 wat vanaf 2 tot 6 Maart op die Stellenbosch-kampus gehou is.

"Dit was fantasties – daar is niks beter as om alumni terug te verwelkom na die plek wat hul toekoms help vorm het nie. Vanjaar se Tuiskoms- en Familienaweek het Maties die geleentheid gegee om weer 'n slag by hul alma mater te kom kuier, weer bande te bou met ou vriende en klasmaats en om die goeie ou dae van studentwees te herleef. En dit wou voorkom asof dit presies is wat hulle gedoen het," sê Shaun Stuart, Bestuurder: Alumni-betrekkinge.

"Ons het selfs 'n paar besoekers gehad wat in 2016 vir ons heel eerste Tuiskomsnaweek hier was. Hulle wou seker maak hulle loop nie die 2017-geleentheid mis nie," voeg hy by.

Die Alumni-kantoor het weer kragte gesnoer met die US Woordfees, die Universiteit se literêre en kunsfees, wat al 'n instelling geword het sedert sy ontstaan in 2000. Hierdie vennootskap het beteken dat alumni geregtig was op 'n spesiale afslag vir geselekteerde Woordfees-vertonings.

Die Tuiskomsnaweek het op 'n hoë noot afgeskop met 'n konsert by Coetzenburg waar gewilde Suid-Afrikaanse

*Gaan voort*











**Moenie Tuiskoms 2018 tydens die Universiteit se eeufeesvieringe misloop nie!**

musikante musiek deur Queen, Abba, Barbara Streisand en Tina Turner asook 'n paar klassieke gunstelinge opgevoer het. Sangers het onder andere Corlea, Jannie Moolman, Emo Adams, Timothy Moloi en Lindiwe Bongani ingesluit. 'n Spesiale Tuiskoms BBP-area is ook opsygesit vir alumni, waar prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier van die US, die amptelike verwelkoming behartig het.

Vir 'n bietjie serebrale stimulasie was daar die "Terug Klas Toe"-fakulteitspraatjies. Onderwerpe het gewissel van die stand van ons ekonomie en loopbaankeuses in 2050, die impak van tegnologie op leeromgewings, die verouderingsproses en of jy regtig Botox nodig het, korrupsie en wat jy daaraan kan doen, en geneties gemodifiseerde voedsel.

Sportentoesiaste kon ook die asemrowende natuurskoon by Coetzenburg geniet terwyl hulle deelneem aan die Tuiskoms Veldtrap met Woorde-wedloop vir 'n 18 km- of 35 km-bergfietservaring of 'n 6 km- of 12 km-pretloop/-draf.

Besoek ons Facebook-bladsy vir meer foto's van die Tuiskomsnaweek!

Klik hier vir 'n video

**Het jy idees vir #MatiesTuiskoms 2018? Stuur gerus jou idees na alumni@sun.ac.za.**

Foto's: Anina Fourie & Henk Oets

# NUUSFLITSE



## US-span ontwikkel pasgemaakte sagtewarepakket

Die gebrek aan 'n gestandaardiseerde prosedure vir die insameling van data oor spesies soos die grootwithaai, wat ontwykend is en moeilik om op te spoor, het tot dusver alle pogings om hierdie diere te bestuur en te beskerm, belemmer.

Maar nou het 'n marinebioloog, 'n toegepaste wiskundige en 'n ontwikkelaar van sagteware – almal verbonde aan die Universiteit Stellenbosch (US) – hulle kragte saamgesnoer en na vore gekom met *Identifin*, 'n pasgemaakte sagtewarepakket wat hulle ontwikkel het om hierdie probleem op te los.

Klik hier vir 'n video

## Voordeel vir SA se hawe-, vervoer- en logistieke sektor

'n Memorandum van ooreenkoms tussen die Nederlandse onderrig-, opleiding-, navorsing- en konsultasie-organisasie STC-Groep en die US sal die hawe-, vervoer- en logistieke sektor in Suid-Afrika tot voordeel strek.

Die ooreenkoms is onlangs deur mnr Albert Bos van STC en prof Eugene Cloete, Vise-rektor: Navorsing en Innovasie van die US, onderteken.

Die doel van die ooreenkoms is die ontwikkeling en implementering van 'n Akademie in Hawe, Vervoer en Logistiek. Die voorgestelde Akademie sal 'n wye reeks opvoedkundige programme, tegniese bystand en navorsing bied.

### Soeklig op Taalbeleid by Konvokasievergadering

Die soeklig het skerp geval op die US se Taalbeleid by die Konvokasievergadering wat in Januarie op Stellenbosch gehou is. Prof Wim de Villiers het die geleentheid gebruik om uit te wy oor sommige aspekte van die  US se Taalbeleid, terwyl Advokaat Jan Heunis, Konvokasie-president, gevra het vir 'n betekenisvolle en eerlike debat wat deur verdraagsaamheid gekenmerk word.

Prof De Villiers

Advokaat Heunis

## Nuwe projek ondersoek transformasie

Hoewel die **#FeesMustFall**-beweging van 2015 en 2016 die dringendheid van transformasievraagstukke in die hoëronderwyssektor beklemtoon het, het dit baie belanghebbendes, veral universiteite, aan die wonder gehad oor wat die beste reaksie sou wees op studente se bewerings van voortgesette ontoeganklikheid en diskriminasie. Danksy 'n Andrew W Mellon-toelaag van R11.2 miljoen sal die US se Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie nou dieper kan delf in die vraagstuk oor hoe die hoëronderwysomgewing die beste getransformeer kan word. Hiervoor sal die Departement op sy eie bestaande kurrikulum konsentreer en deur die projek Indexing Transformation (oftewel Indeksering van Transformasie) kritiese pedagogie en institusionele transformasie ondersoek. Dié projek is amptelik in Februarie van stapel gestuur.

## Geleenthede

30 Maart
Skemerkelkie-geleentheid in Pretoria
RSVP alumni@sun.ac.za of skakel Wena op 021 808 4020

17 Mei
Rektor besoek alumni in VK
E-pos: alumni@sun.ac.za
Tel: 021 808 2941

18 Mei
Rektor besoek alumni in München
E-pos: alumni@sun.ac.za
Tel: 021 808 2941

# NUUSFLITSE

## US stel twee nuwe dekane aan



Die US het twee nuwe dekane aangestel: Prof Nicola Smit word die Dekaan van Regsgeleerdheid, terwyl prof Wikus van Niekerk die Dekaan van die Fakulteit van Ingenieurswese word.
Prof Smit, wat prof Sonia Human opvolg, het haar voorgraadse studies in die Regte aan die Universiteit van Pretoria voltooi, en het 'n doktorsgraad in die Regte van die destydse Randse Afrikaanse Universiteit (nou die Universiteit van Johannesburg) in 2002 verwerf. Sy sal op 1 Augustus in haar nuwe pos begin.
Prof Van Niekerk, wat sy voorgraadse studies in Ingenieurwese aan die US voltooi het, volg prof Hansie Knoetze op. Hy het sy PhD in Meganiese Ingenieurswese van die Universiteit van Kalifornië, Berkeley in 1994 verwerf, en is tans besig met 'n MBA. Prof Van Niekerk begin op 1 Julie.



## USAID wys $4.1 miljoen aan Afrika-universiteite toe

Die veldbrande waaronder die Wes-Kaap onlangs weer gebuk gegaan het, maak ons op treffende wyse bewus van die lewensgevaarlike risiko's waarvoor ons te staan kom namate ons omgewing verander. Dit beklemtoon ook die noodsaaklikheid dat Suid-Afrika en ander Afrika-lande hul eie vaardige en toeganklike plaaslike risikobestuurkundigheid ontwikkel.
Danksy 'n toewysing van $4.1 miljoen vanaf die Amerikaanse agentskap vir internasionale ontwikkeling (USAID) aan die Universiteit Stellenbosch se Periperi U- (Partners Enhancing Resilience for People Exposed to Risks) inisiatief, sal die Universiteit die leiding neem in een van die grootste kontinentwye bedryfsamewerkingsaksies tot op hede, en sodoende juis dít doen.



## Die Vlakte-beursfonds baat by gholfdag

Alumni en vriende van die Universiteit het die gholfstokke nadergetrek vir die US se jaarlikse gholfdag ten bate van Die Vlakte-beursfonds. 'n Totaal van R26 474 is ingesamel en aan die beursfonds oorhandig. Mnr George Steyn, Voorsitter van die US-Raad, het 'n beroep op gaste gedoen om in die US te belê en sodoende in die toekoms van ons land. "As u sukkel om die besluit te neem om te gee of nie – dink so daaroor... Het Maties u help vorm en het Maties u netwerke help bou wat u gehelp het om in dié bevoorregte posisie te wees waarin u, u vandag bevind. Wil u hê dat daar 'n uitnemende tuiste moet wees vir u kinders en kleinkinders en daarna?"

Klik hier vir foto's

# NUUSFLITSE

## ‘Predict-TB’ wil behandelingstydperk verkort

PredictTB

Prof Gerhard Walzl van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe is betrokke by ‘n groot internasionale studie wat beoog om TB-behandeling by die meerderheid pasiënte te verkort. Onder leiding van prof Clifton Barry van die US National Institutes of Health en prof Walzl, sal die Predict-TB-konsortium oor die volgende vyf jaar ‘n stel slim kriteria vir die beëindiging van behandeling ontwikkel, asook ‘n versorgingspunttoestel om immunologiese merkers te meet wat tot die besluitneming kan bydra. Die groep gaan ‘n ambisieuse fase 2B- kliniese toets in Suid-Afrika en China uitvoer en demografiese, radiografiese, bakteriologiese en immunologiese parameters bekyk om sleutelvrae te beantwoord.



## Instituut vier suksesse

Die ontwikkeling van Suid-Afrika se eerste prototipe wingerdrobot. ‘n Sensoriese fasiliteit waar die aroma en mondgevoel van wyne deur kundige panele proeproe bepaal word. Die befondsing van ‘n voltydse koördineerder vir ‘n ses maande internskapsprogram vir wingerd- en wynkundestudente, ‘n webwerf, ‘n eie koerant, asook die ondersteuning van inligtingsdae om wetenswaardighede aan die wyn- en wingerdbedryf oor te dra.

Dís van die suksesverhale wat die US se Instituut vir Wingerd- en Wynwetenskappe (IWWW) sedert 2013 kon befonds ter bevordering van die bedryf. Dit word moontlik gemaak danksy die finansiële ondersteuning van die Reinet Stigting, VinPro en Sanlam.

Die IWWW se vyfjarige bestaan is gevier by ‘n funksie wat van die belangrikste rolspelers in die wyn- en wingerdbedryf ingesluit het. Dit is op sakeman en US-kanselier dr Johann Rupert se L’Ormarins wynlandgoed gehou.

Wat is die IWWW?

# NUUSFLITSE

## Finansiële steun maak drome waar

Uit die meer as 5 300 voorgraadse studente wat hul welverdiende grade tydens die Desember 2016 gradeplegtighede van die US ontvang het, is daar altesaam 1 981 (volgens die US se rekords) vir wie dit moontlik was danksy finansiële steun in die vorm van beurse, beurslenings of lenings.

Karen Bruns, Senior Direkteur: Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge, die Afdeling wat verantwoordelik is daarvoor om fondse vir die Universiteit te werf sê: "Dit is werklik bevredigend om te sien hoe die studente se drome van 'n beter toekoms verwesenlik word omdat besighede, stigtings en individue besluit het om hulle swaarverdiende geld in hoër onderwys te belê."

**Die US het onlangs die 'Vennootskapvorming vir Toegang'-beursvideoreeks geloods. Met hierdie reeks wil ons die inspirerende stories van ons donateurs vier wat 'n ondersteuningsnet vir studente is wat hulle volle potensiaal wil bereik. Kyk, hou van ("like") en deel ons video's op YouTube, Facebook en Twitter, om sodoende ook 'n rol in vennootskapvorming vir toegang te speel.**





## Maties Gimnasium bly jou oefentuiste

Lank nadat jy jou graad aan die US behaal het, kan die Maties Gimnasium steeds vir jou 'n oefentuiste bied.

Maties Gimnasium bied wêreldklas-fasiliteite en -dienste – nie net aan professionele sportlui nie, maar ook aan studente, US-personeel, alumni en die res van die publiek. Dit sluit onder meer 'n aanlynregistrasieproses, biometriese toegang, 'n hoëprestasie-oefenarea en 'n swembad van Olimpiese standaard in. Toegang tot 'n groot verskeidenheid en aantal oefenmasjiene beteken daar is selde toue en wagtye is baie kort. "Enigiemand kan by ons aansluit teen baie mededingende fooie en verskillende kontraktydperke," sê Francois Kotzé, Hoof: Fiksheid en Welwees by die gimnasium. Die duur van 'n kontrak kan van so kort as een maand tot 12 maande wees. Discovery Vitality-lede kan ook aanspraak maak op afslag van 25%.

Dr Willem Sirgel (75), alumnus en oudlektor in die Departement Soölogie, het in 1987 by die gimnasium aangesluit en meen dit is steeds die beste gimnasium in die omgewing.

**Vind die nodige inligting oor registrasie, klasse, skedules en pryse, besoek http://matiesgym.co.za**

# Universiteit Stellenbosch wil alumni-betrekkinge in die VSA bou

*Sy is Haitiaans-Amerikaans, 'n New Yorker en 'n liefhebber van pinotage. Sy is ook 'n Maties-gegradueerde, 'n magisterstudent en die Universiteit Stellenbosch (US) se huidige koördineerder van alumni-betrekkinge en fondswerwing in die Verenigde State (VSA). Pia Nänny het met haar gesels.*




Reanne Olivier het onlangs teruggekeer na die VSA nadat sy in 2016 'n BA-honneursgraad in Internasionale Studie aan die US verwerf het.

"My ouers het ons as kinders aangemoedig om in Suid-Afrika te woon en te studeer. Op hulle aanbeveling het ek toe Suid-Afrika se voorste universiteite ondersoek. Die US was onder die beste vyf, en dis waar alles begin het."

Sy het vir 'n BA-graad in Politieke Wetenskap ingeskryf en aktief by die kampuslewe ingeskakel.

"Een van die hoogtepunte van my tyd op Stellenbosch was die geleentheid om deel te wees van die Luister-, Leef- en Leer- (LLL-) inisiatief. Dit het my geweldig baie as mens laat groei. Die ervaring het my die geleentheid gebied om my omgewing, mense en hulle diverse kulture te verstaan, en het my ook aangemoedig om meer aktief op kampus te wees."

Reanne het in 2015/16 in die Studenteraad (SR) gedien. Kort ná haar verkiesing het sy en haar mederaadslede voor die #FeesMustFall-beweging te staan gekom.

"Ek het nog nooit in my lewe sulke aktivisme en mobilisasie ervaar óf die geleentheid gehad om dit te aanskou nie. En dit was nogal uitdagend om as 'n pas verkose span skielik met die lot van behoeftige studente te kampe te hê. Ek het groot bewondering en respek ontwikkel vir baie van die studente wat aktief deelgeneem het én diegene wat die moeite gedoen het om te verstaan wat aangaan."

Nadat sy terug is New York toe, het Reanne die US se alumni-betrekkinge- en fondswerwingskoördineerder in die VSA geword.

"My rol is om alumni-betrekkinge in die VSA te versterk en te vernuwe. Ek sal daarop konsentreer om alumni ingelig en betrokke te hou en ten nouste saam te werk met bestaande US-hub-koördineerders oor die hele land om hulle alumni-hubs te versterk en geleenthede in die grootste stede te help aanbied. Ek wil ook nuwe hubs op die been bring, waar moontlik, vir mense wat aktief wil deelneem en met alumni naby hulle wil skakel."

Sy glo dit is belangrik dat alumni by hulle alma mater betrokke bly.

"Ongeag hoe jy voel oor jou alma mater op 'n spesifieke tyd in jou lewe, dit het jou identiteit help vorm – en om nie betrokke te wees nie sal eintlik beteken jy't jou tyd gemors. Dis 'n manier om in voeling te bly. Waar in die wêreld jy jou ook al bevind, sal jy beslis mede-alumni raakloop, en sal julle persoonlike dog bekende herinneringe kan deel."




JY KAN 'N HUB-KOÖRDINEERDER WORD

# Maties bied innoverende oplossing vir pakplekpenarie

*Het jy goed om te stoor? Of het jy dalk ekstra pakplek? Geen probleem. Ontmoet Michael-John Dippenaar, Henri Bam en Michael Louis, drie Maties wie se bekostigbare, toeganklike en buigsame toepassing dalk net die antwoord is op jou pakplekprobleme.*



*Die Scurry: Michael-John Dippenaar, Michael Louis en Henri Bam. (Foto: Henk Oets)*

Hulle oplossing heet Sxuirrel – 'n interaktiewe selfoon en web-gebaseerde toepassing wat mense met beskikbare pakplek moeiteloos in aanraking bring met diegene wat goed het om te stoor. Hulle het in 2016 'n MVP (mees lewensvatbare produk) gebou asook 'n toets-weergawe van die werklike toepassing (die Beta), en die verwagte vrystelling van die Sxuirrel IOS-toepassing het dus ten doel om Stellenbosch-studente van 'n lewensvatbare oplossing vir hul stoor-behoeftes te voorsien.

Michael-John Dippenaar, stigter en uitvoerende hoof van Sxuirrel, sê die gedagte vir die toepassing het by hom opgekom toe hy as student gesukkel het om voldoende en bekostigbare pakplek op kampus te kry. Hy het besef die tradisionele oplossings vir die toenemende vraag na pakplek is onbekostigbaar, ontoeganklik en gewoon nie op kort termyn haalbaar vir die meeste studente nie.

So het dit toe gekom dat hy en sy span medestigters, of "die Scurry" soos hulle na hulleself verwys, die idee in 'n waardevoorstel en onderneming omskep het nadat hulle deelgeneem het aan én steun gewerf het van die sakeversneller **LaunchLab** op Stellenbosch. Die drie entrepreneurs dra elk 'n unieke vaardigheidstel tot die onderneming by – Dippenaar het sy BCom met hoofvakke in beleggings- en finansiële bestuur en doen tans sy Honneurs in Finansiële Analise, terwyl Michael Louis sy BSc Honneurs in Rekenaarwetenskap doen en Henri Bam besig is met sy meestersgraad in Bedryfsingenieurswese.

"Sxuirrel ontwrig die bestaande bedryf deur selfstooroplossings via 'n verbruikergebaseerde uitruilplatform te bied. Sodoende skep ons 'n algeheel nuwe stoormark met die klem op die al hoe groter millenniër-generasie," sê Dippenaar.

"Tot baie onlangs het die stoorbedryf bestaan uit oneindige rye sluitkaste, oranje baniere en lang ritte tot aan dáárdie kant van die dorp waar jy eintlik nooit kom nie. Ons glo Sxuirrel bied 'n meer bekostigbare, toeganklike en buigsame oplossing deur 'n gemeenskap van pakpleksoekers met pakplekverskaffers in aanraking te bring. Hierdie oplossing stel jou in staat om jou besittings te bêre by iemand wat jy vertrou, toegang daartoe te verkry wanneer jy ook al wil, en slegs te betaal vir die ruimte wat jy werklik gebruik! En diegene met onderbenutte pakplek kan dit op Sxuirrel lys en dit sonder enige moeite in 'n inkomstestroom verander," verduidelik hy.

"Vir eers sal ons daarop konsentreer om goed gevestig te raak onder plaaslike studente, jong volwassenes wat reeds werk, sowel as die stoormarkte. Daarna beplan ons om ons produkaanbod streeksgewys uit te brei en nuwe markte oor die hele land binne te dring, met 'n langtermyn strategiese visie om uiteindelik internasionaal uit te brei."

## Hoe werk dit?

Met die Sxuirrel-toepassing kan jy volgens jou voorkeur na stooroplossings soek. Met 'n ingeboude geografiese verstekfilter help Sxuirrel jou die beskikbare pakplek naaste aan jou voorkeurligging opspoor. Jy kan ook jou soekresultate filter na gelang van jou toeganklikheidsvoorkeure deur byvoorbeeld aan te dui dat jy op soek is na 'n ooptoegang-oplossing, jy kan met jou gasheer praat via die ingeboude boodskap-platform, en ooreenstem oor 'n prys en dadelik bespreek.

Gebruikers word "listees" (plekverskaffers) of "storees" (pleksoekers) genoem. Daar is profiele, portuurgraderings en resensies om vertroue tussen die partye te bou, en te vertel van die wonderlike diens wat hulle ontvang of lewer om nuwe gebruikers sodoende beter oplossings vir hulle bepaalde behoeftes te help vind.

Dippenaar besweer ook vinnig enige veiligheidsvrese. "Ons het natuurlik 'n beleid wat die stoor van onwettige goedere verbied. Sxuirrel verseker 'n streng kontroleproses, wat vertroue tussen albei partye help skep. Met die ondersteuning van 'n portuurgraderingstelsel kan pleksoekers besluit by wie hulle veilig sal voel om hulle besittings te stoor, en kan plekverskaffers ook net versoeke aanvaar van diegene met wie hulle gemaklik voel."

Die groep het in Desember 2016 'n strategiese vennoot bekom wat beteken dat die langverwagte IOS-toepassing vroeg in Maart vrygestel sal word - net betyds vir die April-vakansie, met die Android-toepassing kort op sy hakke.

**Vir meer inligting, gaan na www. sxuirrel.com of e-pos Sxuirrel direk by hello@sxuirrel.com**

# BSc-studente stap 130 km op eerste groot veldtoer in April 1918

Het jy 'n interessante storie om met ons te deel? Kontak ons gerus by alumni@sun.ac.za of 100@sun.ac.za!

*Die Universiteit Stellenbosch (US) vier in 2018 sy 100ste bestaansjaar. Hier is die eerste van vele interessante stories uit die US se verlede. Wiida Fourie-Basson het hierdie staaltjie uit die US Argief gaan opdiep.*

Te voet en met 'n donkiewa vir die bagasie. Só het 'n groep van 19 Victoria-Kollege studente en hul dosente in geologie en plantkunde in April 1918 'n "staptoertjie tussen Prince Albert Stasie en George onderneem".

Die doel was nie net om 'n "aangename vakansie" te geniet nie, maar ook om "al lopende die een en ander van die natuurwetenskappe [te] verneem; en so die verskillende verskijnsels, waarvan ons in die klaskamer geleer het, in hulle natuurlike omgewing waar te neem", lui 'n artikel wat na die toer in die Stellenbosch Universiteitsblad van Junie 1918 verskyn het.

Die idee vir dié "groot geselskap" was te danke aan die Australiese bioloog en paleontoloog, Prof Ernest James Goddard (1883-1948) wat in 1910 vir Prof Robert Broom by die Victoria Kollege opgevolg het. In 1922 het dr Goddard egter na Australië teruggekeer waar hy diep spore getrap het. Die Goddard Biologiese Wetenskappe gebou op die kampus van Queensland Universiteit in Australië is onder meer na hom vernoem.





*LINKS: Prof Ernest James Goddard. Foto: University of Queensland Archives s177 p1437*

*REGS: Dr Augusta Vera Duthie, meer algemeen bekend as Avera Duthie. Foto: Wikiwand http://www.wikiwand.com/af/Ave_Duthie*

Die ander twee dosente was mej Gardiner, ook 'n geoloog, en die plantkundige Dr Augusta Vera Duthie (1881-1963). Dr Duthie is in 1902 aangestel om die Departement Plantkunde by Victoria Kollege te begin. In 1912 is die graad DSc deur die Universiteit van Suid-Afrika aan haar toegeken vir haar verhandeling getiteld "The vegetation and flora of the Stellenbosch flats".

Volgens die artikel in die Universiteitsblad, het die toergroep met heelwat "wetenskaplike geesdrif" en Prof Goddard op "sij gewone draf-stappie" afgeskop:

Die wetenskaplike geesdrif loop hoog en elke klippie, bossie, of gogga word storm geloop, die hamers kap en die spaanders waai, en mens hoor net van "Slickensides," "Ecca Beds," "Euphorbias," "Pareiosaurus," en sulke hoë dinge. Die ou Tante maak net klippe bijmekaar en arme Louis N. word opgelaai als of hij 'n pakos was. Ja, ik glo als sij die Swartberg kon los krij, dan was dit ook

Die botaniste en ene "Meneertjie" het ook nie op hulle laat wag nie:

op ou Louis se rug. Die Botaniste was nie minder ijwerig nie, en Hawie en Ouma (?) het gou hulle hande vol gehad van al die soorte bossies en bolle, grassies en knolle. Maar, Meneertjie was nog die meeste in sij element. Als hij 'n hakkedis of 'n koggelmander sien, is hij agter hom soos 'n kat agter 'n muis, en hij vang hulle ook, somaar met sij blote hand. Slange, spinnekoppe, en al die kruipende gediertes, is so's speelgoed vir hom. "Maar sal die goed jou nie bijt nie" vra één. "Nee wat, ik glo nie!" sê Meneertjie. "Ja, maar als hulle jou bijt sal jij dan nie dood gaan nie" vra 'n ander. "Nee wat, nie so gou nie," antwoord Meneertjie so ewe droog.



In Prins Albert het die groot geselskap glo 'n "sensasie verwek" toe die plaaslike inwoners dog dis die "Circus" wat daar aangekom het.

Die groep het daarna die Swartberg Pas uitgeklim en toe deur Oudtshoorn oor die Montagu Pas tot in George gestap. Die studente het maklik 130 kilometer te voet afgelê. Teen die einde van die toer het die wetenskaplike ywer tog bietjie bedaar en "die enigste klippe van belang was nou die mijl-klippe".

Volgens die Stellenbosch 1866-1966 gedenkboek, was dié ekskursie in die Karoo die eerste van vele en het dit uiteindelik tot die stigting van die Berg en Toer Klub (B.T.K.) op 4 Junie 1928 gelei (1966:343-345).


*Bronne: Stellenbosch 1866-1966. 1966. Honderd Jaar Hoër Onderwys. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk.*
*CU. 'Van Prince Albert naar George'. In: Stellenbosch University Magazine, June 1918:17-18. Universiteit Stellenbosch Argief*